

HABARI

jambo sana

No. 17

okt./Oct. 1989.

nuumbrief van die Oos-Afrika-mêndekring

Newsletter of the friends of East Africa

Eeufees 1838-1938 Centenary

SANG EN MUSIEK KONSERT. VOCAL AND MUSICAL CONCERT

IN DIE AT BROEDERSTROOM FEESSAAL

WOENSDAG 8-30 N.M. WEDNESDAY
P.M.

Desember 14 December

Kom en Geniet ons eerste poging. U sal waarde vir u geld vind.
Welcome to all. Come and support as well as enjoy our first effort.

PROGRAM.

PROGRAMME.

- | | |
|-----------------|---|
| 1. KLAVIER SOLO | "Meditation" Carl Reber Piano Solo |
| | Mevr. Freda van Heerden. (Mrs) |
| 2. SOLOSANG | "Lief Annaljie." ("Rose Marie.") Rudolf Friml. Vocal Solo |
| | Mevr. G. Dednam (Mrs) |
| 3. DUETSANG | "Die Aandklokke Lui In Die Verle." Cath. van Rennes. Vocal Duet |
| | Mejj. Francis van Deventer en Sylvia Viljoen (Misses) |
| 4. KLAVIER SOLO | "La Paloma" ... Yradier ... Piano Solo |
| | Mej. Joey de Lange (Miss) |
| 5. DUETSANG | "Flukkerend' Hoop." ("Whispering Hope") Vocal Duet |
| | Alice Hawthorne. |
| | Mrr. Freda van Heerden en G. Dednam. |
| 6. SOLOSANG | "Die Donker Stroom." Quelby. Vocal Solo |
| | Mnr. Victor Germishuizen (Mr.) |
| 7. SOLOSANG | "Serenade." ... Toselli Vocal Solo |
| | Mej. Francis van Deventer. |
| 8. KLAVIER DUET | "Habanera and March." G. Bizet. Piano Solo |
| | Mevr. Toetsie van der Merwe en Freda van Heerden |

POUSE

20 MIN.

INTERVAL.

- | | |
|------------------|--|
| 9. KLAVIER SOLO | "Minute Waltz." ... Chopin Piano Solo |
| | Mevr. Freda van Heerden. |
| 10. SOLOSANG | "Die Wapad is My Woning." ("The Highway is my Home.") Vocal Solo |
| | Arthur Ellis |
| | Mej. Sannie Boshoff. (Miss) |
| 11. SOLOSANG | "VILLANELLE." d' Eya Dell' Acqua Vocal Solo |
| | Mevr. G. Dednam. |
| 12. KLAVIER DUET | "Polonaise in A." ... Chopin Vocal Solo |
| | Mevr. Sheila Erasmus en Freda van Heerden. |
| 13. SOLOSANG | "Look Down Dear Eyes." Howard Fisher Vocal Solo |
| | Mevr. Daisy Engelbrecht. (Mrs) |
| 14. KLAVIER SOLO | "Aan Dem Frühlung." ... Grieg Piano Solo |
| | Mevr. Sheila Erasmus (Mrs) |
| 15. KOOR VAN 24 | "LUI KLOKKE LUI." ("RING OUT WILD BELLS.") Choir of 24 |
| | Percy E. Fletcher |
| 16. KOOR VAN 5 | "WISTOE." ("HOMEWARD.") J. H. THOMAS. Choir of 5 |

PIERDIE HOEK WEN AS KAARTJIE; THIS IS YOUR TICKET.

Toegangkaartjie: 2/- plus taks 25sts.
Admission Ticket: 2/- plus tax 25 Cts.

562

(KINDERS 1/-)

(CHILDREN 1/-)

1
ONTHOU 7 OKTOBER!

REMEMBER 7 OCTOBER!

Die eerste Saterdag in Oktober is naby, en dan is dit weer tyd vir die Oos-Afrika saamtrek by die Fonteine. Gelukkig is die eerste Saterdag in Oktober op die tweede naweek, dus as iemand wil trek, trou, koop of verkoop, kan hy dit op die vorige Saterdag doen, wat 30 September is, en die eintlike end van die maand. Ons wil u baie graag daar sien. Kom vroeg. Gewoonlik is daar rugby op daardie dag, en hier so teen twee-uur, wanneer jy nog net 'n derde van die mense se gesigte en name uitgesorteer het (dis te sê: plooië en dubbelkenne en rimpels en wit hare weggedink het, en uitgevind het vreemdelinge is eintlik ou skoolvriende) dan is baie alweer vort pawiljoene toe.

Ons gaan weer, as die Here wil, die Kenia video wys wat ons verlede jaar saamgestel het. U kan kom kyk en bestel. Of u kan vooraf skakel om ons te laat weet of u 'n afskrif wil bestel, sodat ons MEMA vroegtydig kan aansit om kopieë te maak. Ds Piet Grobler laat weet dat ds en mev Jaap en Joni Tigchelaar en hulle seun ook beplan om te kom. Hulle bring 'n videofilm saam van 'n onlangse toer na Kenia, en as ons nie ons video op die kassie het nie, sal u kan sien hoe lyk Plateau en baie ou bekende plekke.

If anyone wants to organise anything new at the gathering, they are welcome. Perhaps there are some who are prepared to keep an eye on the younger children, and certainly there are always many young people who grew up in South Africa and join us at the Fountains because their parents grew up in East Africa. They might want some extra amusement, and they are free to organise it. Only let us know, so that we can coordinate the new with the old. You will probably need power-points and so on, and these things must be sorted out beforehand. We want everyone to enjoy themselves, and perhaps you can help.

Ons herinner u ook daaraan dat ons elke jaar 'n kollekte opneem om te help betaal vir die Habari se druk en versending. Ons onkoste verlede jaar was R 1612,80. Ons kan dit hierdie jaar goedkoper doen, want Danie Steyn het nou 'n uitgewerytjie van sy eie, maar dit gaan steeds 'n klompie kos. En baie dankie vir al die ondersteuning wat u ons in die verlede gegee het.

An Indian told the guests at his daughter's wedding: "Come and enjoy yourselves shamelessly. Here we are all in the family way." Well, you know what he meant. We are looking forward to seeing everyone. Do remember the date! 7 OCTOBER 1989.

Have you any old photographs? Have you maps of farms, towns or roads? Have you any old stories, jokes, information about Kenya? Has someone in your family ever drawn up a genealogical tree -- even if it isn't complete? Some day it might come in useful to people who want to write about East Africa, and much of it can help to expand the Habari. You can send it to us and we will keep good care of it. If you like, good photostats will do just as well

I N M E M O R I A M

1 Eerw John Williamson van Eldoret en Nairobi het na 'n lang lyding in Londen gesterwe. Hy was 'n Skot wat as koffieplanter na Tanganyika verhuis het. Hy was getroud met Margaretha Malan, 'n broerskind van genl Wynand Malan. Hy het sestien tale uitstekend geken, onder meer Afrikaans, wat hy binne drie maande aangeleer het. As predikant het hy maklik in Afrikaans gepreek en vir ons dienste gehou. In Amsterdam (Nederland) was hy verskeie jare predikant van die Anglikaanse gemeente (Christ Church). Die huidige koningin, Elizabeth II, het hom te Buckingham Paleis vereer met die MBE (Member of the British Empire). Hy was Nederlands magtig en Holland het hom beloon met 'n pensioen. Sy skoonseun, eerw Mike Kemp, is predikant in Londen. Sy vrou was verlede jaar (en voorheen) by ons saamtrek by die Fonteine. Hy word oorlewe deur sy vrou en twee dogters, saam met wie ons treur. Swaer John was 82 jaar oud.

2 Walter Nabholz van Sanya, 'n goeie vriend van die Afrikaners in Tanganyika, is 'n maand of wat gelede in Duitsland oorlede. Sy vrou is 'n suster van Georg en Hermann Landgrebe wat ons saamtrek gereeld besoek. Walter was 'n goeie vriend van oom Hennie Pieterse (ons Vriendekring se president). Ons medelye gaan uit na die Landgrebe familie wat sulke diensvaardige lede van ons Kring is. Walter was ook in die tagtig. Hy word oorleef deur Brunhilde, 'n enigste dogter, en 'n enigste kleinkind. Oud Oos-Afrikaners, veral van die ouer garde, betreur die heengaan van so 'n waardige en geliefde vriend van die Boeremense.

3 Lood Visser is onlangs oorlede na 'n lang lyding. Hy, sy broer Pieter en sy suster Catie was vroeg in hulle lewe weeskinders. Hulle moeder, Catie Joubert, was ook 'n totale weeskind en 'n wonderlike Christen. As jong meisie in ou Duits-Oos-Afrika was sy 'n merkwaardige persoonlikheid. Op betreklik jeugdige ouderdom is sy, sowel as haar man, Lood Visser senior, dood aan malaria. Lood Visser junior was 'n oud-skolier van meester Pieterse en net so voorbeeldig as sy oorlede moeder. Hy was ook lank in "Meester" se losieshuis geherberg. As leerling kon hy nooit aan enige sportsoort deelneem nie weens 'n kroniese aandoening in sy linkerhakskeën. Die dokters kon niks vir hom doen nie. Tog het hy dit so aanvaar en nooit gekla nie. So was ook sy hele lewe. Na verloop van jare het die wond toe volkome genees. Ons Vriendekring gaan uit na sy agtergelate dierbares. Ons dink veral aan sy suster Catie, die enigste oorlewende kind van Catie Joubert en Lood Visser senior. Ons treur saam met die beproefdes.

STERFGEVALLE

Mnr Jan Kruger is oorlede op 15 Januarie 1989, na 'n lang siekte. Hy word oorleef deur sy vrou, Steinie, en drie seuns. Hy het vir baie jare op Ol' Kalou geboer.

Mev Tienie Bornman is oorlede op 16 Januarie 1989 in Huis Vergenoeg. Sy het vyf jaar gelede beroerte gehad en was in 'n rystoel. Voorheen was sy getroud met Boertjie Bekker. Sy het nog twee susters in Vergenoeg: tant Margrieta Mouton en mev De Wet.

Mnr George de Lange is dood op 20 Januarie in 'n notorongeluk. Hy word oorleef deur twee seuns en 'n dogter en sy moeder, tant Sarah de Lange van Rusoord Tehuis, Warmbad. Sy pa was oorlede oom Frank de Lange.

Fanie Venter, vroeër van Moiben, Kenia, is oorlede op 31 Januarie 1989, na 'n baie lang siekte. Hy was die seun van Hannes en Gertie Venter, vroeër ook van Moiben. Hy word oorleef deur sy vrou Sarie, sy drie dogters, sy seun, sy ouers, sy suster en sy drie broers.

Tant Maria Fourie (AIT), vrou van oom Martiens Fourie, is dood op 15 April 1989. Hulle was voorheen van Eldoret. Sy word oorleef deur twee dogters. Haar enigste seun is verlede jaar in 'n ongeluk dood. Haar nefie, pastoor S Meintjies, het die diens in Grobbelaars Kapel gehou. Hy is die seun van oorlede Piet en Lilly Meintjies, voorheen van Nairobi, Kenya. Piet het daar vir Maxwell & Brady gewerk, en daarna by S A Mutual

Raymond Collinge passed away on the 29th April 1989. He is survived by his wife Kathlyn and son Nigel, and his brother Clifford, and his sisters Doreen McCormick and Freda Temple-Boreham. He was formerly from Nairobi, Kenya.

ONS POOLSE IMMIGRANTE IN KENIA

Noudat so baie Pole na Suid-Afrika immigrer, dink ons terug aan die Pole wat ons na die Tweede Wêreldoorlog in Kenia leer ken het.

Gedurende die oorlog is Poolse vrouens na Rusland verban -- vermoedelik omdat hulle opstandig was teen die Russiese oorheersing. Van Rusland is hulle na 'n konsentrasiekamp in Indië gestuur en weer later na Kenia, (wat destyds nog 'n Engelse kolonie was.

Na die vrede was die Keniase regering eintlik opgeskeep met die klomp vroumense -- na Pole kon hulle nie teruggestuur word nie en om hulle in die konsentrasiekamp te hou, was eintlik onsinnig en net 'n bron van uitgawe. Daarom is die kamp se hekke oopgegooi, met die verstandhouding dat elke vrou wat werk kry, of trou, vry is om te gaan. Die res kan bly tot tyd en wyl daar uitkoms kom.

Dit was nou die gulde geleentheid vir elke oujongkêrel en wewenaar om vir hom 'n vrou te gaan uitsoek! En so het die Poolse vrouens mettertyd hulle vryheid verwerf -- maar 'n halwe vryheid, want hart en siel het hulle teruggehunker en verlang na hulle eie Vaderland, waar families en geliefdes op hulle terugkoms gehoop het. In Pole was hulle almal getroude vrouens met gesinne, maar daar was weinig hoop dat hulle ooit weer voet op Poolse bodem sou sit.

Toe my man in 1948 die beroep na Oos-Afrika aanvaar, het ds J J Prinsloo (snr) voor ons daarheen vertrek met die bekende jeep waarmee hy en mev Prinsloo gewoonlik die lang reise aangepak het. Toe ons in Kenia aankom, was hy besig met katkisasie vir aanneming en daarby was daar ook drie Poolse vrouens wat met Hervormde mans getroud is. Met oneindige geduld het ds Prinsloo die taak met die Pole deurgevoer, want hulle was Rooms opgevoed en daarby was hulle kennis van die Bybel uitsers skraal. Engels was al taal wat in die katkisasieklas met hulle gebruik kon word. Hulle kon dit effens verstaan en praat. In Kenia was dit die gebruik dat die familie van die katkisant reeds twee weke voor die Nagmaal op die kerkplein te Eldoret kamp. Die katkisasieklasse is elke dag vir die Afrikaanse seuns en dogters in die kerkgebou gehou, maar in een van die tente word die Pole gekatkiseer met behulp van 'n Engelse Bybel en hope geduld en deernis!

Meeste van die Poolse vroues was boervroue in hulle vaderland, gewoon aan harde werk op die lande, dus het hulle goed aangepas op die plase. Bediendes het hulle in hulle eie land nie geken nie, daarom was hulle vir werk nie sku nie. Hulle was nie juis mooi nie, grofgebou, en die ontberinge van 'n verwoestende oorlog en konsentrasiekampe was duidelik op hulle gesigte te lees. Mens kon moeilik 'n aanvoeling met hulle opbou, dit was of hulle onseker en agterdogtig teenoor 'n vreemdeling opgetree het.

In daardie jare was yskaste nog baie skaars in Kenia en vrieskaste was heeltemal onbekend. Die Poolse vrouens het 'n geslagte vark bewerk sodat daar niks verlore gegaan het nie. Behalwe die pekervleis is ook smaaklike ham en spek gemaak. In die ou Boere-bakoond op die werf in spek en ham gerook. Hier het van die Afrikaanse vrouens by hulle kers opgesteek en kort voor lank het elke Boervrou die kuns van spek en ham maak, bemeester. Maar nou moet ons nie dink dat die Poolse vroue niks by die Afrikaner Boervrou kon leer nie. By bees slag en beskuit bak was ons vroue weer bobaas! Ook met naaldwerk het hulle mekaar oor en weer geleer. Die Poolse vroue was kunstenaars op die gebied an tapisseriewerk, en hier kon ons vroue baie leer. Ongelukkig het die Indiër winkels in Kenia nie juis kunsnaaldwerkbenodigdhede in voorraad gehad nie, veral nie die materiaal wat geskik is vir tapisseriewerk nie. Maar 'n boer maak 'n plan. Op growwe going is die mooiste kussings, lopers en muurbehangsels borduur. En so het die Hervormde Kerk se preekstoel 'n pragtige kussing in tapisserie gekry, en die pastorie ook drie kussings vir die sitkamer. Hierdie kussings is nog 'n gewaardeerde besitting in ons huis.

Kan ons die Poolse vroue kwalik neem dat hulle gedurig in vrees gelewe het dat die Kommuniste hulle sal agtervolg? En daardie vrees vir die hamer en sekkel het hulle ook oorgeplant op die mans met wie hulle getroud is. Daarom wil ek graag die volgende staaltjie vertel. Na ons in Eldoret aangekom het, het my man gereël dat elke Hervormde huisgesin die "Hervormer", maandblad van die kerk, deur die pos ontvang. Oom Hans, wat ook met 'n Poolse dame getroud was, was 'n analfabeet. Toe hy een mōre die "Hervormer" uit die posbus haal, is hy baie verbaas. Hy draai dit hiernatoe en daarnatoe en sê vir die man langs hom: "Faantjie, ek sweer die Russe het uitgevind ek is met Stenya getroud, kyk hulle stuur nou al boekies vir my!"

Met die uittoeg van die blankes uit Kenia na Suid-Afrika toe, omstreeks 1961 - 1965, het hierdie Poolse vrouens ook met hulle aangetroude families na ons land verhuis, om ook hier hulle beskeie deel aan die opbou van 'n nie-kommunistiese land te lewer.

(Mev) H A van Staden

I DIE JOUBERT-TREK

Kort na die Anglo-Boereoorlog was daar baie Boere wat nie onder die Engelse vlag wou bly nie, en dié het toe kommissies uitgestuur om lande buite Suid-Afrika te gaan verken. Onder andere Argentinië, Angola, Amerika en Duits-Oos-Afrika (nou Tanzanië).

My mense het onder die Duits-Oos groepe geval. Die Jouberts van Ermelo het 'n kommissie van 4 of 5 man uitgestuur, waaronder generaal Dawid Joubert, oom Piet Joubert en ander wat ek die name van vergeet het. Hulle was van die eerstes wat Duits-Oos gaan verken het. Die Duitse regering was hulle baie goedgesind, want hulle wou mense gehad het wat die wêreld moes kom mak maak en ontwikkel en hulle wou baie graag die Boere gehad het.

Die Jouberts het, soos hulle rondgereis het, ongelukkig malaria opgedoen en genl Dawid Joubert het daar aan malaria gesterf. Sy graf lê nog êrens in Oos-Afrika. Maar die kommissie het met goeie nuus teruggekom en daardeur het die Joubert-trek 'n aanvang geneem. Sover ek kan onthou, is hierdie trek in 1904 Duits-Oos-Afrika toe.

Die trek het bestaan uit die broers Gideon, Jannie en Piet Joubert en hulle families. Daar was nog trekkers saam met hulle. (Ek dink daar was Venters en Bekkers by hierdie trek.) Ossewaens is toe gekoop met trekgoed, en alle ander benodigdhede en lewensmiddele is bymekaargemaak. Selfs saad om in die vreemde te gaan plant, is alles saamgeneem, onder andere ook vrugteboompies en pitte en alles wat oor gedink kon word. Die trek is toe weg van Delagoabaai (wat later Lorenzo Marques was en nou Maputo genoem word).

Ek kan nie met sekerheid sê hoe lank hulle op die see was nie. Sê maar 'n maand, en by die hawe van Tanga het hulle toe ontskeep. Daar was destyds nog nie 'n hawe nie. Die skip het 'n goeie distansie in die see anker gegooi en daarvandaan moes alles in roeibootjies na die kus geneem word. Waens moes uitmekaargehaal word en dit was 'n vreeslike gesukkel om alles afgelaai te kry. Na alles toe afgelaai was, moes die waens toe weer vaardig gemaak word. Na hulle daar gerus het, moes hulle die onbekende wêreld in. Daar was geen paaie nie. Hulle moes sommer 'n rigting in. Die Duitsers het swartes gegee om die waens te trek en gewapende konstabels om die swartes op te pas. Onder al die gesukkel het hulle osse opgekoop en sodoende van die swartes ontslae geraak, want hulle het baie moeilikheid gegee.

Hulle het quinine by die dokter gekry om te drink vir malaria, maar deurdat dit so bitter was, het baie van die mense dit nie gedrink nie en toe die koors opgedoen. En toe het die Duitsers 'n dokter na die trek toe gestuur om toe te sien dat die mense die quinine gereeld drink. So het die trekkers aangesukkel tot op die eerste klein dorpie, aan die voet van Kilimanjaro. Maar dit was nog 'n ongesonde plek en hulle het voortgetrek na hoër

lande en by Arusha uitgekom. Daarvandaan is hulle na 'n ander deel naby die Meruberg. Daar het hulle toe tydelik laer getrek en eers uitgerus en die plek het hulle toe Kampfontein genoem. Daarvandaan het die trekkers toe hulle plase by die owerhede verkry en toe eers huisies gebou om in te woon, om later groter huise te bou.

Tot hier toe met die Joubert trek. Gideon Joubert sou later my oupa word aan moederskant. Die Malan trek het eers 'n jaar later gekom, en wel in 1905

(Nota: die Merryweather wa wat my oorlede oupa op die trek saamgeneem het, het so 'n groen wakis voor op die wa gehad. Die kis is nog in my besit en is nou 84 jaar oud. Ek het die kis met my terugkoms in 1961 saamgebring na Suid-Afrika.)

Koos Malan

Beste Danté,

hier een berichtje uit Nederland
om jou hartelijk te bedanken voor de
nieuwsbrieven die we, de laatste jaren
mochten ontvangen.
We komen er zoveel bekende namen in tegen.
Het is ook goed, om weer eens iets van deze of
gene te horen.

Tante Margaretha Mouton was voor ons één van
die bekendste.

Toen wij in 1961 in Kenya kwamen, maakten
we al dadelijk het afscheid mee van Ds Theron.
De NG kerk in Eldoret is voor ons een
vertrouwd en geliefd plekje geweest.

Maar wij herinneren ons ook verschillende
mensen uit de NH kerk.

Kan jij misschien het adres opsporen van
Daizy Krüger? Haar man was wijlen Henry
Krüger.

Ik herinner mij goed jouw vader.

In de tijd dat hij ouderling was, had hij één
keer ^{in ons huis} de leiding bij een huisgods dienstoefening.
Hoeveel mensen bij die gelegenheid in ons huis
(de voormalige pastorie van de NH kerk) waren
weet ik niet meer. Maar ik herinner mij, dat het
een fijne zondagmorgen was, speciaal, omdat
wij tenslotte samen neerknielden voor gebed.
Soms - nee dikwijls - baden of dankten wij met de
ogen open. Dat gebeurde meestal op de mod-
derige paden. Ondanks dat, kwamen we toch
wel eens aan de kant van de weg en zelfs
één keer in het bouwland van oom Abraham
Mouton terecht.

We zullen ook niet vergeten hoe je vader al
zig-zaggend met een vaart over het gladde
pad tussen Eldoret en Plateau op ons af kwam.
Hoe wij laveerden over de weg weet ik niet
meer, maar op het laatste moment, toen een
botsing onvermijdelijk leek, gaf je vader weer
een ruk aan het stuur en daar gleden we
langs elkaar heen - de dominee en de
ouderling - ieder op weg naar huis.

Ons hart wordt warm als we aan de Kenya-tijd
terug denken. We zouden graag al die vrienden
nog eens ontmoeten. Langs deze weg willen
we alle bekenden graag groeten.

Ter informatie: Wij waren van 1961 - 1969 in
Eldoret werkzaam voor de Reformed Church
of East-Africa (voorheen Bwana Loubser Mission).
Wij hebben zes kinderen, waarvan de oudste
(Eibert) nu 30 jaar is, de jongste (Arap John) is 22 jaar.
Mijn man werkt nog 2 dagen ^{per week} als geestelijk verzorger
onder de militairen.
Verder is hij nog betrokken bij het zendingswerk
in Afrika vanuit het thuisfront
bij het vluchtelingenwerk en allerlei andere
organisaties.

Onze zegen wensen gaan uit naar jou en allen
die dit lezen. Ds. en Mevr. Jap en Joni Tigchelaar.

P I O N E E R S

Among the pioneers, who opened up the land, one would not find a person who could be classified as weak. They were characters driven by their inner determination to venture into far countries to spread enlightenment and progress. They were persons who would not pass into oblivion easily, and later generations would speak of them with reverence. Their achievements are taken for granted. Today nobody can estimate what they had to endure: tropical disease, climactic conditions, the lack of everything which seems indispensable in modern life.

One of their rank was Captain Tom von Prince of the German East African forces.

Tom von Prince's father was the British general Henry Prince, who was Governor of Mauritius, where he died of yellow fever at the age of 34. General Prince was married to Mary Ansorge, the daughter of a German missionary. When sailing for England after her husband's death, she broke her spine during a storm, and was taken to Liegnitz / Silesia for special treatment by a renowned physician, Dr Kruckenberg. She was accompanied by her children, Lily and Tom.

Tom entered the Academy of Knights in Liegnitz and became an officer of the Prussian army. He accompanied Major von Wissmann to German East Africa in 1889 to subdue the uprising in Uhehe and Ugogo. He became known as Bwana Sakarani (the unfrightened). Tom von Prince in 1896 married the daughter of the German upper house member von Massow, owner of Parnehn in East Prussia. To them the first child of German parentage was born in the colony. The child died of malaria and was buried at Iringa. When expecting her second child, Magdalene von Prince returned to Germany, where her son Massow was born in Parnehn in 1900.

Tom von Prince farmed in the Luengera Valley, separating East and West Usambara. He planted sisal, kautshuk and kapok, and with great energy he succeeded in creating a viable plantation, uplifting his Washamba tribesmen who respected him for his righteousness and untiring devotion to the task which he had set himself. His wife Magdalene bore him three further sons: Hasso, Adalbert and Beowulf.

The outbreak of War in 1914 brought an end to the upward development in German East Africa. Captain Tom von Prince joined the German forces of General von Lettow-Vorbeck to defend the colony. He died in the battle of Tanga on 4 November 1914, in which the British invasion was repulsed. Tom von Prince is remembered as a valiant defender of German East Africa.

Meanwhile his son Massow, who had spent his childhood with his brothers on the Usambara estate, was taken to Germany in 1912 to enter the Academy of Knights in Liegnitz. The Great War came to an end in 1918, before the young officer had seen active service. Having been brought up and trained in strict Imperial

circumstances, Massow became involved in fighting the Communist forces in the Baltics, as well as secessionists and anarchists in Germany. He had to flee his country in 1927 because of his involvement in these activities.

Massow von Prince returned to East Africa where his mother and brother Adalbert were farming on part of the family estate, which had been returned to them by the custodian of enemy property, after Mrs von Prince had been to England to claim her rights to the land which belonged to her husband, who was British by birth.

Massow busied himself with various activities, following his father's footsteps in true pioneer fashion. He contracted the supply of wood to the Tanganyika Railway at Kahe Station; he excavated wells in the Masai Steppe with surveyor Erdtmann; he built roads in East Usambara, and he hunted elephant on the Uмба Plains.

Meanwhile he was pardoned by the succeeding German President, Field Marshal von Hindenburg, and was recalled by his colleagues to resume his duties to rebuild the nation. He returned to Germany in 1931. However, a meeting with Hitler proved unsuccessful, as he carried a deep suspicion of Hitler's Socialist aims. Massow refused to join the Nationalist Socialist Party and after Hitler's assumption of power left Germany in 1936, to once more return to Tanganyika, to resume work on the sisal estate.

The outbreak of war in 1939 saw Massow von Prince interned with the bulk of the German community, whose properties were turned over -- once more -- to the custodian of enemy property. From Dar Es Salaam the internees were transferred to South Africa, to pass through various prisons and camps. Massow would not rescind his oath to the German Emperor, and for this he was regarded as a traitor by his German fellow-internees. Yet he was only allowed to return to Tanganyika after seven and a half years behind barbed wire, although his British captors were well aware of his opposition to the government in Germany at that time.

Meanwhile his brothers, Hasso and Beowulf, died for their homeland, East Prussia, in 1945, defending it against the Russians, who with untold brutality crushed the fading German resistance, causing millions of defenceless people to flee their homes under deplorable conditions, while millions were carried off into slave labour in Russia. Most of the remaining Germans were inhumanly expelled, and their land put under Soviet and Polish administration.

Massow von Prince, amidst great restrictions and hardships, rebuilt his estate. As he could not reclaim his former possessions, he went into the manufacture of furniture, which was a success. However, came Uhuru in 1963 . . .

Massow gave up everything to trek to South Africa. He would not even try to accommodate himself to the socialist government of Dr Nyerere. He planted ground-nuts at the Wilge River farm, next to Dr Hertzog, but had to leave the Transvaal for reasons of health. He then acquired a macadamian plantation on the Mooi River, near Muden, where he passed away in February 1987. He left his widow, Mrs Margarete von Prince (80) who is now residing with her daughter Frederica in Honeydew. Another daughter, Massowia, lives in Zimbabwe (formerly Rhodesia).

This is in broad outline the story of a family which devoted itself to East Africa, and whose endeavour cannot be overlooked or forgotten by future generations.

Hermann Landgrebe

I DIE MALAN TREK

Nadat die eerste Trekkers in Duits-Oos-Afrika aangekom het en reeds gevestig is en met boerdery besig was, het die Malans ook mense uitgestuur om 'n begin te maak. Onder andere het my oupa, Jacobus Johannes Malan, sy een skoonseun, Piet de Wet, en 'n eie seun, Ben Malan, Duits-Oos toe gestuur om te gaan osse opkoop om te leer, sodat, as die Trek op Tanga land, dan die Trek per ossewa en nie per swartes verder te vervoer nie. Maar die treinspoor was gebou vanaf Tanga tot op 'n stasietjie genaamd Voi. Hier het dit geëindig en daarvandaan kon hierdie trek op die waspore van die vorige trekkers gaan. Hier op Voi was baie leeus wat baie swartes gevang en opgevrete het, maar die Boere het die leeus op hulle plekke gaan sit -- doodgeskiet, natuurlik.

Die Malan-trek het dus ook geland, waaronder die volgende mense in die trek was:

Jacobus Johannes Malan (die leier) plus sy sewe seuns en skoonseuns.

Die sewe seuns was:

- 1 Wynand Charl Malan (Boeregenereaal in die Anglo-Boere-oorlog)
- 2 Frans Daniël Malan (Krygsgevangene in Ceylon)
- 3 Jacobus Johannes Malan (Krygsgevangene in Ceylon)
- 4 Barend Pienaar Malan (Nooit gevang in die oorlog nie. Bittereinder.)
- 5 Daniël Malan (Jong man. Te jonk vir die oorlog gewees)
- 6 Willem du Toit Malan (Jong man. Te jonk vir die oorlog)
- 7 Jan Gysbert Malan (Jongste seun. Te jonk vir die oorlog.)

Die skoonseuns was:

- 1 Pieter van Breda de Wet
- 2 Constant Laubscher
- 3 Jan Cornelius van Schoor

Wynand Charl Malan en Frans Daniël Malan was albei getroud en het reeds hulle eie seuns gehad. Die ander is almal later in Duits-Oos getroud, buiten Daniël -- dié is as jongman daar oorlede.

Daar was nog ander trekkers by hierdie trek, maar dit is so lank gelede dat ek vergeet het wie hulle was. Nouja, vanaf Voi is hulle toe ook op pad Kilimanjaro se wêreld in, en na 'n lang trek, ook met malariaprobleme, het hulle voor 'n groot rivier gekom. Ek meen die rivier se naam was Himo. Daar het hulle oornag. In die nag het dit baie begin reën, met die gevolg hulle kon nie die volgende dag deur die rivier kom nie. Hulle moes 14 dae wag voor hulle kon deurkom, en daar het die malaria die mense kwaai aangeval. Daar is ook van die trekkers aan die gevreesde siekte oorlede.

Nadat hulle daarvandaan weg is, is hulle Moshi toe en daarvandaan Arusha toe, en ook Kampfontein toe, waar die laer gestaan het. Hulle het plase van die owerheid verkry tussen Kilimanjaro-berg en Meru-berg. Die plek se naam was Ngare Nanyuki en hier het 25 plase gelê. Ek kan nog goed onthou. Die Jouberts, wat ek in die eerste trek van geskryf het, het bo teen Meru-berg elkeen 'n plaas gehad, en so baie Elande was daar dat die plase die naam Elandshoek gekry het. Die ander plase het aan die Malans, De Wets, Van Schoors, Jacobse, Pretoriusse, Van der Merwes en die Van Wyks behoort. Ander trekkers het plase aan die voet van Kilimanjaro gekry, onder andere Vissers, Naudés, Jouberts en nog meer. Die Pienaars het na Moshi se kant ook aan Kilimanjaro 'n plaas gehad. Die oom se naam was Abel Pienaar en hier het Sangiro, die skrywer, grootgeword. Abel Pienaar en sy vrou, tant Non, het 4 seuns en 2 dogters gehad. Die seuns was maar meerendeel jagters gewees en het oorsese jagters uitgeneem om 'n lewe te maak.

Nouja, toe almal wat Duits-Oos toe immigrer het, gevestig was, het die mense eerste aan 'n predikant gedink, en ten tweede aan 'n skool vir die opvoeding van hulle kinders.

Die eerste predikant wat ek in my geheue het, was 'n ds H C de Wet. Dié predikant het my nog gedoop, maar watter jaar weet ek nie. Na hom het nog een gekom, en wel ds M P Laubscher. Hy was ook predikant van Eldoret, as ek my nie misgis nie. My moeder, wat ook reeds jare oorlede is, het my die volgende storiëtjie vertel: toe ek die dag gedoop is, was daar ook drie Pretoorse wat gedoop is, en die ou tante moes die een seun tussen haar bene vasknyp en sy ore vashou, want hy wou die dominee gebyt het.

Die eerste skool was te Ngare Nanyuki en die eerste onderwyseres was 'n dogter van Jacobus Malan. Haar naam was Magrieta. So het die kinders darem aan die gang gekom.

Die mense moes lewe, en dit in 'n nuwe land met baie min daaraan toe. Winkels was ver en daar was glad nie 'n inkomste nie. Al wat die mans toe kon doen om iets in kontant te kry, was jagtogte. Daar het hulle sekerlik baie biltong gemaak. Hulle het velle verruil vir die nodige gebruiksgoedere en dan het hulle ook olifante en renosters geskiet, want ivoor het darem iets in kontant ingebring. Sommige Boere het transport vir die Duitsers gery. Later van tyd het die Malans met volstruise begin boer en die vere oorsee gestuur. Sodoende was elkeen maar besig met sy eie sake, en het later van tyd met skape en beeste begin boer. Maar die Masai was altyd op rooftogte uit en die Duitsers het die Boere reg gegee om die swartes te skiet wat so steel. Met so 'n geval het my vader op een keer, toe die Masai's sy osse gesteel het, ek reken vier van hulle doodgeskiet.

Die Boere moes in daardie tyd hulle eie skoene maak. Ondere andere was oom Piet Pretorius die skoemaker. En net toe dit begin goed gaan het en die boerdery begin vlot het, breek die Eerste Wêreldoorlog uit in 1914. En dit is toe hier waar die knoop gekom het. Die Duitsers het die Boere genader om aan te sluit by die militêr, maar die Malans, Jouberts, Laubschers, Van Schoors en baie ander wou neutraal bly en niks met die oorlog te doen hê nie. Ander het aangesluit. Onder andere het Piet

Niewenhuis en Roelf Naudé baie vir die Duitsers beteken want hulle was die spioene en hulle twee het baie Rooinekke die ewigheid ingehelp. Daar was ook De Beers en Van der Westhuizens wat aangesluit het, maar omdat die ander neutraal wou bly, het die Duitsers hulle van hulle plase weggeneem en hulle in kampe gesit rondom Arusha, sodat daar nie met die vyand kontak gemaak kon word nie, want die owerheid het diegene nie vertrou nie. Die plase het so onbewerk agtergebly en verwaarloos. Die Masai is met al die vee weg. Die Boeremense het darem elkeen sy wa en span osse behou en elkeen glo 'n koei of wat. My vader het vertel dat hy net 'n span donkies en een koei oorgehou het.

Toe die Uniemagte onder generaals Van Deventer en Smuts die land ingekom het, het die Duitsers die Boere verder weg geneem en in 'n baie ongesonde area in 'n kamp gesit waar baie kindertjies aan malaria oorlede is. Ek is in hierdie kamp gebore op 29/1/1916. Die plek se naam was Uviomi.

Die Duitsers is toe teruggedryf deur die Suid-Afrikaanse magte en die kamp waar die Boeremense in was, is verlate agtergelaat. Toe het die mense na hoër plekke gegaan waar nie malaria is nie, en toe het dit beter gegaan.

Uit hierdie Uviomi kamp het Jan Malan weggeloop en hy het as 'n tolk by die Uniemagte aangesluit, want hy het die swart tale goed gepraat en kon sodoende baie help met die taalprobleme.

Sover ek kan onthou, het die neutrale boere toe weer transport vir die Uniemagte gekry en daardeur weer iets verdien, en later (ek kan nie onthou wanneer nie) is hulle weer terug plase toe, wat alles weer van voor af opgebou moes word en weer van voor af moes begin. In 1918 is daar toe vrede geteken. Toe het Engeland weer daar oorgeneem en weer was die Boeremense, wat van die Engelse vlag weggevlug het, weer onder Engelse gesag.

Oom Koos Malan

Julle onthou mos noq Giuseppe Morat wat daar naby Haji's Drift gebly het. Wel, toe Uhuru nou begin naderkom, besef ons nou almal ons moet iets doen om die geldjies bietjie meer te maak, en soos hy my later in Italië vertel, "Sonnie," sê hy, "I say to myself, Giuseppe, you buy da trophies." En hy kry toe by die Game Department permissie om "trophies" te koop. Alles buiten ivoor, soos hy sê, in klein lettertjies onderaan geskrywe en wat hy natuurlik nie sien nie. Maar het hy gekoop. Hoeveel leeu- en tiervelle weet ek nie, maar 'n kamer vol olifanttande. Iemand het die kat uit die sak gelaat en op 'n mooi dag is die Game Department se mense daar en konfiskeer al die ivoor.

"Sacramento, Sonnie! I was sad, Mama Mia." Maar hy gaan nie lê nie en hy is af Nairobi toe, na die Game Department. Toe hy inkom, sit die hoof daar, 'n witman. Agter in die kamer is die tweede in bevel, 'n swarte. Giuseppe stap na hom en sê: "Ek het vir jou 'n geslagte skaap gebring."

"Asante sana," sê die swarte.

"Yes, next week I go again."

"Mini na lêtê gunna ya posho." ('n Sak mieliemeel.) Baie dankie, baie dankie.

'n Week later is hy weer daar met iets anders.

"Bwana Morat wewe na taka nini," vra die swarte.

"Ek wil my ivoor hê," sê Giuseppe.

"Kutcha weekie yanjuma." Kom ander week.

Toe hy weer daar kom, sit die swarte voor, die witman is afgedank en Giuseppe het sy ivoor. Al sy goed, ivoor, velle en so aan word in 46 groot hout kratte Italië toe gestuur. Toe die goed nou daar aankom en die doeane hom laat weet hy moet kom, toe is Giuseppe darem in die nood, want hy het geen invoerpermitte nie.

"So, Sonnie, I say to myself, Giuseppe, first you go and see the preach." (Priest.) Giuseppe is weg na die priester toe met 'n paar bottels wyn in die hand. Hy vertel toe mooi alles en daar word besluit hy neem die priester die volgende dag saam na die dokke waar die 46 kratte en die senior doeanebeampte op hulle wag. Maar, sê hy, "Before we go da preach maka da pray."

By die dokke aangekom, vra die assistent beampte of dit sy kratte is. Ja. Wat is in hierdie krat? Nee, ek weet nie. Nouja, maak jy hom maar oop.

Eindelik sien die beampte so 'n klein kassie. Wat is hierin? Ek weet nie. Giuseppe het eerlik nie eers geweet van die kassie nie. Maak hom oop. Nee, maak jy maar self oop. Dis die dat ons assistent doenanebeampte die kassie oopmaak en heel eerste 'n leë bottel uithaal. Sit dit so regop neer. Kyk vir Giuseppe en sê sou die arme man dink daar is nie bottels in Italië nie? Haal toe 'n vuil lap uit. Onder die lap is 'n swartgebrande aluminium potjie met 'n lotjie droë pap onderin. Toe hy dit sien, stap ou Giuseppe so eenkant toe weg, want wragtie nou weet hy nie wat gaan aan nie. Die beampte kyk hom so en sê: "Arme drommel, vat maar jou goed."

Soe. Toe hy by die huis kom, wil hy by Cora weet van die kassie, maar sy sê onder dit is skulpe. "Onthou jy nie, die kombuiswerker het op Mombasa gevra of hy van sy goed in die kassie na Plateau toe kan terugstuur?" Ongelukkig, of lievers, gelukkig, word dit toe saam met die ander kratte weggestuur. Wat 'n moles.

Wens julle kon hoor as Giuseppe die verhaal vertel.

In my jong dae, baie jare gelede, was dit die tyd toe die meisies hulle hare gekam en soms nog 'n lintjie ingesit het. Nouja, in daardie dae, dit wil sê, gedurende die eerste wêreldoorlog, het Joof my ma op die plaas gehelp. Die arme man kry toe bloedvinte. 'n Vyf oog, soos die mense gesê het, almal so mooi bymekaar gemonteer op Joof se linkerboud. Mens kan eintlik sien hoe die seer trilling opstyg.

My ma gaan toe eendag met die oskar om vir die bure te kuier. Dis toe dat Joof my roep. "Sonnie! Kom bietjie hier," sê hy. "Ek is darem nou moeg vir hierdie bloedvinte. Nou wil ek hê jy moet my hande en voete styf aan die katelstyle vasmaak sodat ek glad nie kan loskom nie. Dan vat jy hierdie canned fruit bottle." 'n 2 ponder. (Ons het destyds nog nie ingelegde vrugte gehad nie. Net canned fruit.) "En gooi hom vol met baie warm water. Gooi die warm water uit en sit dan die bek oor die bloedvinte. Druk hom vas dat hy kan vassuig en die bloedvinte kan uittrek."

So het ek dan, waar hy op sy maag lê, sy hande en voete met osrieme goed aan die style van die ou ysterbed vasgemaak. Die bottel het ek vol baie warm water gemaak, die water uitgegooi en die bottel se bek so mooi oor die bloedvinte gesit. "Nou loop jy," sê Joop. Toe ek die deur toetrek, sien ek nog hoe die bottel so skeef staan, goed vasgesuig en geanker op Joof se boud. Dit was so vieruur die middag en weg is ek met die haelgeweer om hase en wilde eende te skiet.

Toe ek donker terugkom, het ek skoon van Joof en sy bloedvinte vergeet. Toe hoor ek 'n stem roep, amper soos 'n stem uit die verlede. O gaats! dis Joof. Ek vlieg die kamer in. "Dankie dat jy gekom het, ek was amper dood. Hoe lyk dit?" Ja, daar sit die bottel nog met die vyf bloedvinte mooi uitgetrek. Alla soe!

Op 'n keer besluit vier van ons om by die Bakongo meer te gaan skiet. Hendrik Korf (Stompie), Gert Korf, Bill Goby, en ek.

Na so 'n paar dae daar word besluit om 'n seekoei te skiet. Bedags speel hulle in die meer rond of lê op 'n sandbank so tweehonderd tree van die strand af. Daar die wind verkeerd waai en enige seekoei wat ons sou skiet, verder in die meer in waai, besluit ons om een in die maanlig te skiet. Toe reeds net volmaan.

Die wêreld is mooi bespied om te sien waar hulle snags uitkom om te gaan vreet, en ons sien dié gelukkig naby ons kamp, so 'n halfmyl. Daar is so vyftig tree se digte riete langs die meer en die seekoeipaaie kom uit waar daar lekker groen gras is vir hulle om te wei.

Dieselfde nag twaalfuur, toe die maan net mooi hoog sit en vir ons loer om te sien wat gaan aan, is ons van die kamp af weg, stilletjies langs die meer op. En nie te lank nie of ons sien die nat velle blink in die maanlig. Stadig, stadig nader. Maar toe ons so sewentig tree van hulle af is, sien ons hulle het ons gewaar. "Skiet kerele!" sê Gert Korf. Pardomps pardomps val die skote en daar trek die seekoeie die riete in met ons in volle vaart agterna. Een ou bul het net so vier of vyf tree die riete ingevlug en gaan staan, en hier kom Stompie in volle vaart en boemps, teen die seekoeibul. Van sy knieë af tot by sy bors vol modder. Hy steier so terug, maar toe val die skote en ons het die seekoei. Gelukkig dat die ou bul nie omgedraai was met 'n oop bek nie, anders was Stompie dwarsdeur.

Maar nou vir operasie Tom.

In die vroeëre jare het ons dokter Swanepoel en dokter Fouché gehad. Dr Swanepoel is later na die Masai Reserve toe waar hy sommer so sonder narkose op die Masai geopereer het. Vier hou die arms vas en vier hou die voete vas en hy word met vee betaal.

Dr Fouché was die broer van Harry en Boet. Hy was 'n goeie Skot en was ook Bisley kampioen van Kenya. Soms as ons op die Eldoretbaan skiet, het hy 'n bottel whisky wat hy so skuins voor hom neersit as hy gaan lê om te skiet. Hy skuiwe die bottel in die sandjies rond dat dit stewig sit, en skiet 'n kol. Eers weer 'n slukkie whisky. Hy het nogal baie kolle geskiet.

Hy was 'n goeie dokter, maar as hy jou groet, sê hy: "Kom, laat ek jou oopsny." So gebeur dit dat hy eendag na oorlede Tom Davies se plaas moes gaan om te sien waarom Tom so baie pyn het. Sy diagnose: blindederf. "Jy sal moet kom dat ek jou oopsny." Maar Tom is maar bangerig en daar word gedraai. Eindelik moet dr Fouché in aller haas uitgaan. Daar gekom, kyk hy vir Tom só, draai na die familie en sê: "Ek het gesê hy moet inkom. Julle kan maar begin huil. Dit is te laat. Hy gaan vrek."

Na 'n ruk sê hy: "Droog af julle oë en snoete en maak warm water. So is Tom dan daar en dan op die eetkamertafel geopereer. "Soja," sê die dokter. "Hy sal gesond word, maar moenie dat dit weer gebeur nie."

Nog 'n staaltjie van Giuseppe Morat, net om te wys hoe sterk die man was. Julle sal almal seker vir Ken Howes onthou. Hy het by al die plase omgegaan om uit te vind van die verskillende korings wat hulle gesaai het. en 'n opname te maak vir Unga, die meule.

Nouja, hy was weer eendag op pad toe hy 'n pap wiel kry. Gou die kar opdomkrag, die spaarwiel uit en die pap wiel af. Toe

besluit die ou kar dit val van die domkrag af en daar lê hy met sy as op die grond en dis onmoontlik om weer die domkrag in te kry. Moedeloos sit Ken daar en sy lot betreur. Net toe hou Giuseppe langsaan stil, bekijk die spulletjie só, klim uit en sê: "Scuse, scuse", lig die kar met sy een hand en met die ander hand plak hy die spaarwiel aan en sê: "Draai vas die moere." Nouja!

Na baie jare dink mens weer terug en onthou mens die name van hulle wat so 'n groot rol gespeel het in die opbou en geskiedenis van Uasin Gishu Plateau. Onthou julle hulle nog?

J C Shaw, die eerste bestuurder van die Standard Bank. Die distrikskommissaris, Scofield, 'n Wallieser vol streke. Die forse oom Jan van Rensburg met sy demokratiese houding, die leier van die 1908 trek. Oom Micky Ywas van die Nandi Hall Butchery. Oom Egbert Steyn, leier op koringplant, wat so lekker kon gesels. Oom kort Fanie Kruger en sy swaer, oom Hendrik Korf -- so lekker om hulle op safari te hoor vertel en lag. Rooipiet Kruger met sy Zulu praat en sy swart spanne osse. Granny Pretty, "The Grand Old Lady." Oom Jan Murphy met sy profeteerdery. Oom Jan en tant Manie le Roux. Oom Piet Steyn, die stille. Schalk en Margaret Steyn met die mandjie vrugte vir die siekes. Oom Danie Bornman, die man van vrede. Oom Bokkie van Maltitz. Oom Kerneels Stieger, wie se "peep sight" (sommer "piep") altyd op die skietbaan verkeerd was.

Ja, en ons sê dankie aan al die Enslins wat, as die dinge saai word, so afgesak het na Hoey's Bridge met 'n draai by Soy en Eldoret om weer bietjie lewe in die ou lotjie te blaas. Ja, sonder hulle en almal hierbo sou die Plateau nie die ryke geskiedenis gehad het nie.

Salaam sana,

Sonnie.

Uit: The Uasin Gishu Weekly Advertiser
January 11, 1940

Nederduits(ch) Hervormde Kerk

Ds A Brandt wens om bekend te maak dat hy die beroep na Memel en Glencoe aangeneem het, en dat hy van plan is om te vertrek teen die middel van Februarie.

Intussen is die dienste as volg gereël: --

Sondag	7 Jan	--	Diens te Kakamega
Dinsdag	9 Jan	--	Kerkraadsvergadering, te Eldoret, 10 vm
Sondag	14 Jan	--	Diens te Eldoret
Sondag	21 Jan	--	Afskeid te Oldeani, Tanganyika
Sondag	28 Jan	--	Nagmaal en afskeid te Arusha
Sondag	4 Febr	--	Diens te Verbrandebos
Maandag	5 Febr	--	Daaglikse(e) Katkisasie begin te Eldoret 3 nm
Vrydag	9 Febr	--	Basaar 11 uur vm. Aanneming 3 uur nm
Saterdag	10 Febr	--	Kerkraadsvergadering Voorbereiding 3nm Gemeentevergadering 7.30 nm
Sondag	11 Febr	--	Nagmaalsdiens 10 vm Doopdiens 3 nm Afskeidsrede 7.30 nm

Extract from an article: "EARLY SETTLERS IN THE TRANS-NZOIA" by R B Mitford-Barberton (written in 1956)

adventurers and big game hunters visited the Trans Nzoia before the first farms were surveyed. They found an undulating terrain for the most part covered by trees and scrub and well watered by small streams, most of which flowed into the big Nzoia River. Long grass covered the entire countryside which was quite uninhabited.

A few Suk nomads grazed their cattle sometimes in the far north and a handful of Wanderobo occupied some of the caves on Mount Elgon. The grass was very long and tangled as frequent burning did not then take place. There was no one to light the fires. The magnificent massif of Mount Elgon lay to the west of the district and the seven ranges of the Cherengani mountains to the east. The intervening country was soon to be cut up into farms to make up what we now consider Kenya's finest district.

The early surveyors had a hard time. One of them died before their task was done and he was buried by his companions near the Nye swamp. Croft's Grave was shown on early maps below the Enderbess Bluff.

Another early visitor to the Trans Nzoia was George Roberts Chesnaye (a nephew of Earl Roberts) who went prospecting in Suk and Turkana, west of Lake Rudolph. On his return journey to civilization they ran short of water. Heading southwards with distant Mount Elgon as their goal they were nearly dead with thirst. Then Chesnaye dreamed he found water on a small granite hill. He assured his porters he would find water for them the next day and the next morning he found the hill of his dream and the water. Chesnaye followed the Karamoja-Mumias tracks which skirts Elgon's foothills. Later he marked [on a map] some of the farms as worth bidding for, for my father's benefit.

My father, Henry Mitford Barber (he changed his surname in 1916 to Mitford-Barberton in his right as co-founder of Barberton in the De Kaap Goldfields of the Transvaal) was living at Kiambu when the first Government sale of land in the Trans Nzoia took place in Nairobi about October 1913. . . A Mr A C Tannahill did the auctioneering and as there was more than enough farms to go round, the assembled purchasers most farms were sold at the upset price of Rupees -/50 cents per acre, plus survey fees. This worked out at about 125 per farm. Farm acreages varied from about 1400 to 3500 acres. Mr John C Kruger (who died in Kitale in 1956) told me he bought the first farm sold that day. Avery Johnson got the farm he bid for and I remember my father saying how pleased he was to get land so cheaply. (How costly for some of us remained to be seen!) At this sale, or soon afterwards, my father acquired a block of four farms, two of them partly on the lower slopes of Elgon.

Very soon after the sale my father and brother Ivan went up to the Trans Nzoia to see the farms. Taking a Kikuyu servant with them, Kagume by name, and a cart and two mules, they travelled by train to Londiani and then drove on the old wagon track via the Burnt Forest (then a mass of charred tree trunks) to '64', the old name for Eldoret. This took two days and they arrived at the village of five houses in the dark of the second day, forded the Eldore River and spent the night at the 'hotel'. Commenting on this first hotel in Eldoret H Wreford-Smith says: "Our Rest House, known as The Rat Pit, or according to H C Kirk 'The Wobbler's Woost', was built all of corrugated iron, so this must have been before we rebuilt the place." It must be remembered that the Uasin Gishu Plateau was already occupied in those days by a few scattered farmers, mostly of Dutch origin, and it was possible to eke out some sort of living by shooting game and growing what one could for sustenance. It was nearly impossible to make any money. There were a few shops in '64', and I think Colonel G A Swinton-Home had opened the first shop and 'Post Office' at Soy about this time.

At '64' my father and brother were joined by 'Daddy' Robert Muirhead and soon afterwards by H Graham-Guy. Sixteen miles beyond Eldoret they came to Wreford-Smith and Lovemore's farm where they hired a wagon, and Tommy Hall, a transport driver, took them through to Elgon in two days. They crossed the wide Nzoia River somewhere near where the Western Nzoia bridge now spans it. My brother Ivan found a fordable spot after a long search and they had to dig down the farther bank to allow the wagon to climb it. Then they broke the wagon pole and Hall had to fit a new one improvised from a tree trunk. A few days later they found the Elgon farms without difficulty, located the beacons and then returned to Kiambu.

In January 1914 my father returned to the Trans Nzoia to start developing the farms and to make a home there. He was accompanied by my mother, three brothers and a Miss Mary Bowker. Building materials and all sorts of necessities were carried on the heavily loaded wagon and two Indian masons were taken on this safari to build a house. After a few months a five roomed house built of undressed stone was erected on farm 20, which was named Caverndale because of the many lava caves in the valley. Then came the war and at that time they all returned to Kiambu. My mother, after many months in hospital, made an unexpected recovery. Not until after the war did Trans Nzoia become our present home.

Mr William J Woodley (of Eldoret) told me how he and Piet von Maltitz took the Macdonald family to Elgo. William and Piet, helped by Dan Wahl, had two waggons and they travelled from Londiani to Elgon in August, which is the wettest month of the year. Unfortunately the route they took was via what is now known as Hoey's Bridge and they seemed to get into all the Sloughs of Despond, particularly between the Nzoia River and Elgon. They crossed the Nzoia where A C Hoey had found(ed) his farm and here there was a temporary foot bridge crossing the

swollen river, but of course it was no use for a loaded wagon. They took six weeks to reach A K Macdonald's farms near the Round Hill and some days only covered half a mile. The Macdonalds were a big family so it was not surprising that they ran short of food and had to live on nothing but meat for ten days. At Elgon, William, Dan and Piet all went after buffalo. The grass was tangled and very long and they followed buffalo all day without success. On returning to the waggons they found Macdonald had shot a buffalo that walked into camp. It had fallen dead on the 'trek' chains.

The 1914-18 war interrupted the settlement. Some of the young men hurried away to join the forces, and did not get back to the district until the end of hostilities.

I came to British East Africa in 1915 and was on active service for about three years. Released from the army in September 1918 I travelled by ox wagon to Elgon with my parents in November. We came to Caverndale to make our home there.

Most of the pre-war settlers. . . were there at that time, of returning from the war, to make a fresh start. It was still as wild and woolly as ever. There was no Kitale then and the few absolute necessities of life such as tea, sugar, flour etc and letters and newspapers from the outer world came to Soy, 40 miles away, and had to be collected there. A good native porter or runner could get there and back in two days. Lions, buffalo and all manner of creatures roamed at will. . .

From: The East African Standard, Monday, February 16, 1959

ATTEMPT TO SELL MAN ENDS IN JAIL SENTENCE

For trying to sell a man to the Kampala Fire Brigade for 75, Nusula Bua, a Lango, was sentenced to three years' imprisonment by the Buganda Principal Court on Saturday. He had pleaded "not guilty".

In his review of the evidence the presiding judge said Bua had taken Alubino Ongom, an Acholi, to the fire brigade on October 16 last year and had told the officer he wanted to sell a man.

The police were called and Bua was arrested. The fireman told the court he had met Bua a few days before his arrest. Bua had told him he wanted to sell a man. He said he had "about 100 people to sell" and asked the fireman to help him.

Ongom gave evidence that Bua had said he would get him a job at the fire brigade and it was not until he was there that he realised he was being offered for sale. . .

Oom Fairy Engelbrecht:

In 1919 was ek op Londiani. Ek was toe so 12 jaar oud. My broer Izak en Cecil Birdsey het twee motorkarre gekoop. Toe moet ek my broer se Model T Ford huis toe dryf. My bene was toe nog te kort om die pedale by te kom, toe sit ek my matras agter my rug. Toe tel ek ds Loubser op Eldoret toe.

In 1926, 'n nat jaar, het ek vir Godfrey en Mundell by die Pioneer Garage gewerk en passasiers gery Kisumu toe. Tussen Eldoret en Turbo gly die kar van 'n heuwel af en stamp twee speke van die voorwiel af. 'n Boer maak 'n plan. Ek kap toe twee speke uit doringboompies langs die pad, sit dit terug en bring mnr Jimmy Newton ('n Parlements lid) Kisumu toe, waar hy die trein moet vang na Nairobi.

In 1928 is ek van Mombasa af deur Khartoum toe waar die Blou Nyl en die Wit Nyl inmekaarloop. Die brug was van matte op mikpale. Die Amerikaner wou nie oorry nie. (Ek het "snaps" daarvan.)

In 1936 het Fred Hopley en ek ingegaan vir die Golden Jubilee motorwedren van Nairobi af. Die 26ste Oktober, 'n Maandagmôre, om ses minute oor agt, is ons daar weg. Ons was no 22. 14 myl uit hou ons teerpad op. Daar het ds Dednam ons afgeneem.

So 16 myl op pad kom daar 'n paar honderd blouwildebeeste oor die pad. No 21 kar, 'n Dodge, moes stilhou vir hulle. Voor hy kon spoed optel, was ons by hom verby. Toe is ons no 19 (wat 'n pap wiel gehad het) verby. Toe by no 7 verby, wat omgerol het. So het ons een na die ander verbygegaan: dertien die eerste dag. Die stof was so fyn tussen Longido en Arusha dat dit oor die bonnet gespat het soos water.

Ons grootste fout wat ons gemaak het, was om petrol in te gooi op 'n dorpie 70 myl voor Mbaye. (Ek het nie geweet nie, nog nooit die pad gery nie. Jy sien, ek het ons petroltenk agter onder uitgehaal en dit binne gesit sodat die klippe dit nie kan stukkend slaan nie, en ek het een ekstra tenk agter ons sitplek ingesit met 'n "two-way-tap", dan maak ons tenks vol in die ry. Ons koop vier kaste, elke kas vier gallon blikke.) Toe sukkel ons met die vrag petrol oor die Mbaye Escarpment. Toe ons by Mbaye kom, hier staan baie bekende mense en daar is petrol op die pad. Maar toe moes ons maar ry, ons is nog vol.


Die volgende oggend agtuur was ons op Tundomo, 1150 myl in 24 uur. Toe was ons tweede, met net 'n Chevkar nog voor. Dié het ons 30 myl van Blantyre gekry en stilgehou om mnr Bouwer hulp te gee. Die kar het 'n wal gestamp en die voorwiel gebuig. Ons moes die nuts loskap met 'n hamer en beitel wat ek gegee het. Bouwer het sy kop gestamp en was bewusteloos. Ons het hom gelaaf met ons brandewyntjies. Toe kom die no 4 Chrysler verby en ry oor Bouwer se tas laat die klere so spat. Toe kry die Chrysler die eerste prys van die Governor van Nyasaland in Blantyre: Honderd en vyftig pond. Dit kon ons s'n gewees het.

Voor op Tete moes ons met 'n ferry oor. Die Chrysler was net weg, en ons moes wag vir die ferry om terug te kom. Toe sit ons vir die eerste maal water in. Dis toe die tweede nag. Om 'n draai kry ons twee cheetas langs mekaar in die middel van die pad. Ek swaai weg, om nie ons speedlamp te breek nie, want dié sit op ons bumper. Maar ek ry die een raak met die regtervoorwiel dat die kar 'n ent op twee wiele loop.

Op Salisbury gekom, stop hulle al die karre vir 'n uur se rus. Toe maak Chrysler radiator heel. 'n Doodyreemde man en vrou kom na ons toe, groet ons en vra ons om te kom bad en eet by hulle, want hulle het 'n Terraplane kar, en ons gaan wen. (Ek wens hulle sien hierdie brief eendag. Ons het kontak verloor.)

Toe is ons op teerstrips Beitbrug toe. Daar gekom, stop hulle alle karre vir 10 minute en dit in die middel van die dag: 110 grade. Toe sê hulle vir ons die Chrysler is 1 hour 10 minutes ahead. No 11 Ford kom in 10 minute voor ons vertrek. Hulle skud toe hande: "Well done, chaps. Where's the Chrysler?" "One hour ten minutes ahead," sê ons. "We want toe catch the Chrysler."

Ons trek daar weg. Net een keer het die petrol tussen die pomp en die vergasser verdamp ('n air lock), maar ek spring oor die sitplek en blaas-blaas die petrol deur. Daar gaan ons. Van Louis Trichardt Pietersburg toe is dit 81 myl grondpad. Eenuur op die kop toe is ons 14 minute voor Ford no 11. Toe sê hulle die Chrysler is 1 hour 30 minutes ahead, maar is vasgebrand sonder water 11 myl uit Pietersburg. Kom ons daar, geen no 4 nie. Kom ons op Potgietersrus, kry ons 'n briefie van no 4 (Du Toit en Rousen) om te sê hulle is uit en ons moet dit stadiger vat. Maar toe staan my hare op asof ek 'n leeu gesien het en ek sê vir Fred: "Nou ry ons." Ons het eerste gekom, die Ford no 11 tweede. En die Chrysler no 4 derde, en no2, 'n Hudson Terraplane, vierde.



Dom Frank Arnoldi:

Die Masai stam is die grootste stam in Kenia gewees. Hulle was wydverspreid, van die Uashin Gishu af, dwarsoor Nakuru, Laikipia, tot in Uashin Neru. Die gowerment het hulle verwyder van Uashin Gishu, en ook van Laikipia na Uashin Neru, wat 'n groot area is. Dit is alles veegrond.

Die Masai is lank en skraal, sterk gebou, maar skraal, en hulle kan hardloop vir myle en myle. Hulle eet melk, vleis, suurmilk en bloed.

Hulle vat 'n pyl en boog en dan skiet hulle die aar, en hulle tap ongeveer 'n gelling bloed van 'n groot bees. Dan roer hulle die bloed met 'n stokkie totdat hulle al die vesel aan die stokkie het. Dan haal hulle die stokkie uit en gooi die melk in die bloed en meng en drink dit. Dis een manier wat hulle eet.

Die Masai man staat vroeg op, tussen drie en vier in die môre. En as hy op een manier fluit, dan staan die beeste op en dan maak hy die hek oop en stap voor, met 'n assegai, 'n skild en 'n lang mes. Daar is miskien twee of drie Masai's by 'n trop beeste. As hy een deuntjie fluit, kom die beeste agter hom aangestap, amper, kan jy sê, op 'n hoop. Hulle bly nie ver van hom af nie. En hulle sal nie gras een langs die pad nie, net hier en daar 'n pol, totdat hy op 'n plek gekom het waar hy hulle wil laat wei. Dan gaan staan hy op 'n miershoop en fluit 'n ander deuntjie, en dan brei die beeste uit en hulle wei.

Gewoonlik staan hy op een been, met die ander voet teen sy knie, en as hy gevaar sien, 'n leeu of iets van die aard, dan gee hy net een harde fluit, dan hardloop elke bees tot by hom. (Troppe is van 3 na 500 beeste.) Hy is beskerm, en die beeste ook, want so sal geen leeu hulle aanval nie. En as hy sien die gevaar is verby, nalaat hy op sy skild geslaan en geraas en die leeu padgegee het, dan fluit hy weer vir hulle om te gaan wei. En so loop hulle myle, myle, net waar die beste veld is.

Die beeste kry water elke tweede, derde dag, want party van hulle woon tot 15 myl van die water af. Die môre loop die Masai fluit-fluit tot by die water. Nou en dan stop hy dat die beeste 'n bietjie kan eet. Dan, wanneer hulle water gedrink het, dan loop hy fluit-fluit huiswaarts. Elke slag staan hy stil sodat hulle kan wei. Dan loop hy so dat hy so tussen tien-en elfuur by die kraal kom. Dan gaat die beeste in die kraal en gaan lê hulle. Dan kom die kalwers in hokke. (Hulle wei sommer daar naby die krale). Dan kom die meide en melk hulle, kalbas op kalbas vol melk, en hulle hang die kalbasse op dat die melk suur word. Hulle maak die kalbasse met as vol: hulle is nie eintlik baie kieskeurig om hulle baie skoon te maak nie; partykeer bly daar asse en dit oor. Dan bring hulle dit vir die mans om te drink. Dan is die melk klaar dik. Elkeen kry sy kalbas melk. En dan daarvandaan af lê die beeste tot twee uur of drie uur en die kalwers lê by hulle en drink. Dan maak hulle die hek oop en fluit en die hek skei die kalwers. Die kalwers kla ook nie, behalwe die heel kleintjies. So leef hulle dag na dag.

En dan so een keer 'n maand word daar so een van die groot osse geslag. Dit hang af hoeveel mense in die kraal is. Dan eet hulle vleis, die hele nag deur, amper kan jy sê. Maar hulle het baie skape ook, en tussenin slag hulle 'n paar skape.

Hulle is nie jagters nie. Die Masai is wel die beste vegters van al die nasies daar. Hy is bang vir niks nie. Ongelukkig het hulle baie veneriese siektes gehad onder hulle en hulle het baie min kinders en hulle het agteruitgegaan. En dan het hulle ook natuurlik baie oorloë gehad. Die jong Masai maak baie keer 'n trop op van 'n paar honderd en dan gaan val hulle ander stamme aan. Dan vat hulle die jong meidjies en al die vee wat hulle in die hande kan kry.

From the Golden Jubilee Scrapbook 1967

DID YOU KNOW. . .

ITEM. The Nandi made a name for themselves around 1904 by stealing the telephone wire along the railway line, and the railway line itself! As a result of this, the boundary of the Nandi Reserve was laid down by measuring how far the tribesmen could carry a length of railway line in one day, and then doubling the distance, just to make sure.

ITEM. One man in Eldoret gaol was sent a menu from the hotel. He was allowed out by the policeman who gave him the key and told him to lock himself in and slip the key under the door.

ITEM. The first cinema was a travelling one, arriving every three weeks or so and shown under canvas. Mrs Ortlepp built the first permanent cinema below the Pioneer Hotel. Then one was built by Esmail Laljee opposite the old police lines on the main road. Later a garage was adapted for a cinema below the Pioneer Hotel; if it rained on the corrugated roof, one couldn't hear!

ITEM. We are apt to forget that in 1960 a Congo refugee train passed through Eldoret, and the E A L, the Red Cross and others collected masses of clothes of all kinds, but especially sweaters and children's clothes, in order to help the Belgian refugees. Jerry Adam and others fluent in French talked with these sad bewildered people and saw to it that they were well fed and clothed.

ITEM. Uasin Gishu are Masai words meaning Stream of Cattle. The Plateau was originally known as the Guashu N'gishu Plateau.

ITEM. Some Kalenjin people remove two front teeth in the lower jaw as an insurance in the case of lockjaw of being able to feed. No overcrowding of teeth possible here!

ITEM. Echinops, a thistle-like weed on the Plateau, was dried and burnt as a substitute for salt for cattle in the early days.

ITEM. In 1930 the Kakamega gold rush started and many Eldoret people took out prospecting licences. Many people brought in bottles filled with alluvial gold to sell to the local banks. It is told that one miner found that his friend had eaten his week's findings. The precious gold dust, carefully put into a small glass bottle, was left on the dinner table. The miner's guest thought it was pepper. He sprinkled it over his steak and onions and . . . ate it.

Graag wil ek iets vertel van ds B J K Anderssen. Hy is gebore op 25 Februarie 1907 en was die seun van ds E C Anderssen, wat jare lank predikant op Vryheid was. Hy het op Stellenbosch studeer [waar hy onder sy vriende as dr Thazar Anderssen bekend was] en was 'n rukkie reisende sekretaris van die CSV in Transvaal. Hy is in November 1932 in sy vader se kerk op Vrededorp as leraar georden. Vier dae later was hy per boot op pad na sy eerste gemeente, die mandaatgebied van Tanganyika. Hy was hulpleraar op Meru.

Na 'n verbete stryd van 8 dae vanaf Mombasa na Arusha, wat hy moes deurmaak onder kakkerlakke en die sterk geure van Indiese kombuise, en nadat hy op die treinreis vanaf Mombasa na Moïshe byna weggedra was deur muskiete, het ons hom ingewag met 'n bekende gesang op die stoep van oom Org Boshoff se huis met sy piesangblaar dak. Hy het so 'n middag seker nie verwag nie. Hier is hy in sy eerste gemeente verwelkom.

Onder sy gemeentelede het getel:

Dom Wynand Malan (destyds die jongste Boeregeneraal van die Vryheidstryd -- 'n onverskrokke vegter, maar o! so bang vir 'n muis. Een aand toe hy na ete diens gehou het, sien hy 'n muis inkom by die deur, Hy kniel toe sommer bo-op die stoel en bid.)

Dan was daar ook Gert Pretorius, baasverkenner en skut. Hy het onder een preek uitgespring om gou 'n renosterkoei in sy land neer te trek. Hy het later die kalfie gaan vang om vir 500 te verkoop.

Een doopsondag is tant Emily van der Westhuizen se babaseun (Piet) gedoop. Die korter doopformulier is voorgelees. Na die diens het 'n hewige vuur uit tant Emily se oë gespat. Sy het dominee bygedam en vir hom gesê: "Jy het my kind nie gedoop nie. Jy moet hom oordoop."

Arme dominee moes maar baie verduur. My vader het hom dikwels geterg. Hy was eenmaal tuis by my ouers. Ons was ook toevallig daar. Een oggend toe my moeder die klok lui vir ontbyt, kom hy ewe vriendelik in toe ons almal aan tafel sit. "Goeie môre," sê my vader vir hom. "Julle predikantjies vat dit darem al te gemaklik, en sodat die vrouens julle moet bedien."

Hy sê toe: "Dom Alex, ek het so 'n nare droom gehad. Ek droom ek is getroud, maar nou sê ek ek sal nie trou om 'n vrou en 'n klomp kinders te hê nie, nee nooit."

Ek sê toe vir hom: "O! Ek waardeer dit vreeslik van jou."

Hy sê: "Hoe so, Mevrou?"

Ek sê: "Daar is tog een vrou wat vryspring van swaar."

(Jare later het hy vir my gesê hoe verlief hy op my suster was, maar hy was so bang vir oom Alex.)

Eenmaal sê hy my hy kan nie verstaan dat die mans hier so met khaki klere loop nie. Ek sê toe: "Wag maar. Nie lank nie, dan volg jy hulle." Dit was nie 3 maande daarna nie toe kom hy daar by ons aangery op 'n donkie. Hy was uitgedof in khaki klere.

Nog 'n goeie grap van hom. Eenmaal met ons saamtrek op Dingaansfees het die kwaaijongens een aand gaan vrugte steel op mej Lewert de Beer se plaas. Toe hulle in die boord was en al 'n klompie perskes gepluk het, begin die honde vreeslik blaf. Juffrou Lewert kom toe met die lantern uit en skree "Sa! Sa!" Die jongklomp begin hardloop en skree: "Dominee, hierheen! Dominee, hierheen!" Die volgende dag kry die juffrou Dominee voor dat hy ook saam met die klomp wou vrugte steel. Dominee was so verbaas hy sê toe vir haar: "Waarom praat jy en beskuldig jy my? Ek weet van niks." Sy sê: "Gaan kyk in jou kar." Toe hy gaan kyk, is daar 'n klompie groen perskes agter die sitplek.

My jongste dogtertjie was vreeslik siek. Die Engelse dokter se behandeling het niks gehelp nie. Die oggend toe sy so te sê op sterwe lê, jaag my man om die Indiese dokter te haal. Hy het haar pilletjies gegee en ek moes haar aanhou eierwit gee. Vroeg die volgende môre is hy, sy vrou en suster daar om te kyk hoe dit gaan. Sy vrou sê hy het die nag nie geslaap nie en hom bekommer oor die kind. (Sy was baie beter, en het gesond geword.) Terwyl hy by my in die kamer was, het my vader die twee Indiese dames op die stoep vergesel. Ds Anderssen kom toe aangestap en sien my vader-hulle en sê: "Dom Alex, as ek nou 'n kamera het, sou ek van u 'n moi kiekie kon neem." Vader sê toe: "Man, los die kiekie. Kom neem die een hier weg, want ek het klaar afgepraat met die ander een."

Hy kon net altyd sê: "Verskriklik!"

Na drie jaar was hy terug in die Unie. Ek dink in Middelburg, daar het hy sy aanstaande bruidjie, Valerie Rabie, ontmoet. Sy was na die pastorie en hom gevra om 'n tiekies-aand af te kondig wat sy en haar skooldogters georganiseer het ten behoeve van armesorgwerk. Hy het sy hart daar en dan verloor en is toe later met Valerie getroud. Sy was 'n uiters bekwame en ywerige werkster in die gemeente.

Hulle is toe na Charl Cilliers. In dié Hoëveldse gemeente het hulle die wonder en seën van ouerskap leer ken. Hy het daar een van die mees gevierde predikers in ons NG Kerk opgevolg. Hy het ons vertel van 'n sekere oubaas (wat van reguit taal gehou het) wat vir hom gesê het: "Dominee, jy is nie eers ons vorige predikant se skaduwee op die preekstoel nie."

Hy het ook moeilike oorlogsjare op Carolina gehad. Daar het hy OB mense wat in die tronk was, gaan bemoedig.

Toe was hy weer in Silverton negentien jaar daar. Hy haal aan van 'n ou oom wat eenmaal so vir hom gebed het: "Seën ons leraar, Here, dat sy stem ook sal wesen soos 'n klinkende metaal en 'n luidende skel. . ."


Hy het hom baie in Durban vir die sending onder die Indiërs bywer. In 1971 het hy 'n beroep na die sendinggemeente Soekmekaar aangeneem. Daar het hy sewe jaar ywerig gearbei. Hy het aan die einde van Nov '78 sy emeritaat aanvaar en hom toe op

verdere studie toegespits. Op 72 jarige leeftyd het hy sy doktorsgraad gekry met 'n proefskrif oor dr Andrew Murray [die oudste student wat ooit 'n graad aan die Kweekskool op Stellenbosch behaal het]. Hy het hom ook toegelê op skilderkuns en was ook bekend as vioolspeler. Hy was 47 jaar in die bediening.

Hy is op 12 April 1988 op Pietermaritzburg oorlede in die ouderdom van 81 jaar. Hy is in Pretoria begrawe en word deur sy vrou, drie kinders [en tien kleinkinders] oorleef.

Rina van Wyk

(Byvoegsels tussen hakies [] uit die NG Kerk Jaarboek 1989)



Om Koos Storm-hulle ontmoet Amerikaners

Terwyl ons besig was met die velle, hoor ons meer as een motor aankom.

"Dit is 'n Jeep en 'n Landrover," sê Faan. "Seker die wildbewaarder. Het julle die getalle wild reg op die lisensies neergeskryf?" vra hy ernstig.

"Aag, ek is nie vir hom bang nie. Ek skink net vir hom 'n paar whiskies, dan vergeet hy om daarna te vra," sê Andries met 'n spotlaggie.

"Wel, staan dan op en skink jou whisky," sê Faan. "My getalle is nog nie reg nie."

Maar toe die motors stilhou, klim 'n jagter uit wat ons goed ken : Upfold. Upfold werk in Nairobi vir 'n maatskappy wat safari's reël en hulle voorsien met kampuitrusting en vervoer en 'n jagter -- white hunter -- wat die jagveld goed ken. Hy loop haastig om die jeep en maak die deur oop vir 'n vrou wat rats uitklim en vriendelik glimlag toe sy ons sien. Uit die landrover klim twee mans, maar die swart bestuurder bly agter die wiel sit en hulle kom aangestap. Andries groet Upfold met die hand, en ons word toe voorgestel aan die vreemdelinge.

"Magtie, dis 'n mooi vroumens," sê Faan saggies.

Die vrou begin eerste op, haar gemak gesels, asof sy ons goed ken. Miem en Sannie het ook by ons aangesluit toe hulle die vrou sien.

Die vreemdelinge het aan die velle gevoel en gedruk en wil weet hoe ons so 'n vel afgeslag kry. Hulle stel soveel vrae dat ons nie alles kan antwoord nie.

Sannie vra: "Wil julle nie maar kom sit nie? Ons boer maar die meeste van die tyd voor die tente op die gras. Dit is altyd heerlik koel onder die bome."

"Toe mnr Upfold die kamp sien, stel hy voor ons moet kom kennis maak. Ons is mos almal jagters," sê die vrou met haar Amerikaanse aksent, met 'n lieflike frons tussen haar oë.

Nie een van die Amerikaners wil op 'n stoel sit nie. Almal verkies plat op die gras. Die vrou is net soos die mans aangetrek: 'n kortbroek safaripak met lang kouse en plat skoene. En 'n helmet, met 'n mooi veer daarop. Om haar lyf het sy ook 'n patroonband met patrone een-een langs mekaar ingestee, en hulle lyk meer na kanonkoeëls as na 'n geweer s'n. Aan elke skouer is 'n sakkie met kleiner patrone. Hierdie sakkies kan toegeknoop word. Een kant hang 'n jagtersmes en die ander kant 'n klein waterkannetjie, en op haar skouer is 'n kussinkie wat haar skouerbene beskerm teen die skop van die olifantgeweer. Sy lyk te oulik met dié drag aan haar mooi geboude, skraal lyf.

Lettie vra: "Wil julle koffie, tee of bier drink? Julle is seker al baie moeg as julle al heeldag ry."

Een van die mans wink die swarte mbader wat by die Landrover staan en sê: "Bring die bier."

"Ons het hier genoeg," sê Andries vinnig, asof hy nie hiervan hou nie.

"Ek weet," sê die Amerikaner, "maar ek wil hê julle moet proe hoe ons bier smaak. Ons sal van julle Tusker (?) drink. Ek hou nogal baie daarvan."

Hulle vertel dat hulle van Amerika af kom om kiekies en rolprente te neem en, as hulle kan, elkeen 'n olifant, 'n renoster en 'n leeu te skiet, en dan kleiner wild vir die sports.

Upfold, wat die wêreld goed ken, vra of ons daar en daar buffels gekry en of ons die olifante al raakgeloop het by sekere plekke wat hy opnoem. Hy vertel dat hulle drie Doroboste (?) uitgestuur het om die olifante op te spoor.

Toe hulle praat om te ry, vra Andries of hulle nie ons renosterhorings wil sien nie. Een van die mans sê vinnig: "Ja, ons sal hulle graag wil sien." Die horings was op 'n ry op 'n stellasië 'n ent van die kamp af, om daar uit te droog. Hulle was verbaas toe hulle Piet se renosterkop met die derde knoetshoring sien en verseker ons hulle het van so iets nog nie gehoor nie, en net so verbaas oor 'n horing met 'n koeëlgat wat een derde van die horing versplinter het. Hulle wil dit graag koop, en wil sommer baie meer daarvoor betaal as wat dit werd is. Toe hulle hoor dat dit nie te verkope is nie, vra een of hulle kiekies mag neem.

Hulle stap na die Landrover toe en kom terug met baie duur kameras wat hulle uit hulle dose haal en begin regstel. Van almal is kiekies geneem, en toe van elk een-een.

Toe hulle terugstap, sien hulle die biltongstellasies en wil hulle eers die "dry meat" proe (soos hulle dit noem). Die vrou sê: "Ek het al baie gehoor van die lekker biltong wat julle hier maak."

"Seker," sê Lettie en haal een af en vra my om dit te kerf. Ek kerf dit tamelik fyn gee die vrou 'n stukkie.

Sy ruik vieserig daaraan en steek dit in haar mond, net of sy eers proe, en begin te kou. "Oh dear, dit is lekker," sê sy en gee 'n stukkie aan haar man. Terwyl hy daaraan kou, haal hy sy jagmes van sy patroonband af, en toe begin die etery.

Die vrou vra: "Eet julle wors ook só?"

"O ja," sê Lettie en haal een af en breek vir elkeen 'n stukkie af.

"Sal julle aan ons verkoop?" vra die vrou se man.

"O nee, ons verkoop nie," sê Lettie. "Ons sal vir julle bietjie gee." En sy soek van die beste biltong uit en haal ook 'n paar van die worse af en gee dit vir Sannie en vra haar om dit toe te draai.

Die vrou sê vir die man: "Betaal vir die biltong," toe hulle wil ry. Hy steek 'n hand in sy sak en haal 'n rol note uit.

"Ek het reeds gesê dat ons dit nie verkoop nie," sê Lettie kortaf.

Die vrou glimlag verleë. "Dit is baie gaaf van julle. Baie dankie. Ek gaan dit vir ons rantsoeneer."

Hulle nooi ons uit om een aand saam met hulle 'n drankie te kom drink. Gert vat hulle drankkassie en neem dit na hulle motors. Een van die mans sê: "Nee, ons vat dit nie terug nie. Geniet maar ons Amerikaanse bier." Maar daarvan wou ons nie hoor nie. Hy sê: "Goed, as julle dit nie neem nie, gee ons die biltong terug," met 'n ondeunde laggie.

Toe hulle wegtrek, sit Gert die kassie neer en sê: "Kom, kêrels, kom ons geniet nog van hulle bier, soos hy gesê het."

Terwyl ons bier drink, bespreek ons die Amerikaners.

— o o —

Hulle het perde na die skougronde gevat en, soos ons weet, het oom Thys baie graag Engels gepraat. Die dag gaan hulle weer om iets weg te vat en Thys moes iets vir sy perde gebring het. Die dame vra vir hom: "Waar is die goed?" Oom Thys sê: "Oh, I forgot it. I will brought it tomorrow."

— o o o o o o o o —

From : PIONEERS' SCRAPBOOK, Reminiscences of Kenya 1890 - 1960
 Edited by Elspeth Huxley and Arnold Curtis 1981

LOVE ON THE LINE

This letter, dated 1905, was addressed by the Londiani station master to his senior officer in Nairobi:

To the Traffic Manager,
 Uganda Railway,
 Nairobi.

Most Honoured and Respected Sir,

I have the honour to humbly and urgently require your Honour's permission to relieve me of my onerous duties at Londiani so as to enable me to visit the land of my nativity, to wit, India, forsooth.

This in order that I may take unto wife a damsel of many charms who has long been cherished in the heartbeats of my soul. She is of superfluous beauty and enamoured of the thought of becoming my wife. Said beauteous damsel has long been goal of my manly breast and now am fearful of other miscreant deposing me from her lofty affections. Delay in consummation may be ruination most damnable to romance of both damsel and your humble servant.

Therefore, I pray your Honour, allow me to hasten to India and contract marriage forthwith with said beauteous damsel. This being done happily will I return to Londiani to resume my fruitful official duties and perform also my maternal matrimonial functions. It is dead loneliness here without this charmer to solace my empty heart.

If your Honour will so far rejoice my soul to this extent and also as goes equally without saying that of said wife-to-be, I shall pray forever as in duty bound for your Honour's life-long prosperity, everlasting happiness, promotion of most startling rapidity and withal the fatherhood of many Godlike children to gambol playfully about your Honour's paternal knees to heart's content.

If, however, for reasons of State or other extreme emergency, the Presence cannot suitably comply with terms of this humble petition, then I pray your most excellent Superiority to grant me this favour for Jesus Christ's sake, a gentleman whom your Honour very much resembles.

I have the honour to be, Sir, your Honour's most humble and dutiful, but terribly love-sick, mortal withal.

(Signed)

B.A. (failed by God's misfortune) Bombay
 Bombay University, and now Station Master, Londiani.
 The request was granted.

Die oumense was mos nie so geleerd nie. In daardie dae was die onderwys maar skaars en hulle wou so graag Engels praat. Ek onthou as kind: Oom Gert de Jager sê: "I walk there by the cornfields. I heard something blus. I thought it was a trap-you-stadig, all the time it was a puff-you-adder."

Hulle het foto's by die kerk gevat met die kinders se aanneming. Net toe die ou koelie dit wil neem, sê een: "Wait, Mister, man. The sun is behind the wolks."

Ben het sy tand laat trek. Toe breek die tandarts sy kakebeen. Hy kom by mnr Hunter en dié vra hom: "What is wrong?" Ben de Jager, hy sê toe: "My tooth is out and my mouse is sore."

Ma, Pa, Flip en sy broer Koos het die storie gehoor as jy perde wil inbreek, dan moet jy klippe in hulle ore sit en dit toebind. Hulle twee is nie links nie en doen dit dan ook. Maar ag, was dit 'n stryd. Die perde het glo alles wat voor was, platgetrap en verwoes voor die klippe uit die ore was. Praat nie van wat daardie twee Prinsloo broers alles te sê gehad het nie.

Een dag het oom Anaak Cloete aan 'n ploeg gewerk en my pa kom daar aan. Die arme oom het sy duim plat geslaan met 'n 4 pond hamer en my pa sê vir hom: "Ja, jy het toe seker moes vloek." Oom Anaak sê: "Wat gevloek. Ek moes sukkel om te lewe."

Vroeër jare het die oumense mos gaan transport ry en die vroue en kinders het by die huis moes bly. Een aand was die Steenkamps weg gewees en tant Martha en die kinders by die huis is ook maar bang. Flip was so omtrent 14 jaar oud en daar loop iets buite om die huis. Sy ma sê vir hom: "Flip, bring die haelgeweer." Hy sê: "Ma, hier is nie patrone nie." Sy sê vir hom: "Bly stil, netnou verstaan hy Hollands." Dit was toe al die tyd 'n bees wat daar gevreet het om die huis.

STOFFELINA

So iets hier en daar.

Daar is baie dinge wat 'n mens baie plesier gee, een van hulle is om 'n brief te ontvang. Gedurende die jaar vanaf die laaste nuus brief het ek al amper 300 briewe gekry. Werklik 'n wonderlike reaksie van die vriende en belangstelendes. Daar is net een probleem, en dit is om hulle te beantwoord. Ek het drasties agter geraak. Die antwoorde kom nog vir almal wat dink ek het hulle vergeet. Dankie vir julle almal se reaksies.

Vanjaar het Ds Eddie de Waal die meeste van die nuusbrieffe behartig. Dit was goed om so 'n bietjie nuwe bloed in die saak te kry. Geluk aan hom met sy poging en ons sien uit na nog vele aflewings.

Hiedie gaan ons die voorreg he om Ds Tiggelaar by ons te he. Hy gaan ook 'n video vertoon wat hy vroer vanjaar in Eldoret geneem het. Hoe lyk dit, wie sal nog van die plekke kan herken?

So baie het my gevra wat dit kos om in te teken vir die nuusbrieffe. Daar is geen inteken geld nie. Die wat dit die moeite werd vind stuur iets om die koste te dek, en dan hou ons 'n kollekte by die Fonteine om verder te betaal. Ons verwag die kostes sal omtrent R1300 wees. Ons reel self vir die druk werk en probeer spaar waar ons kan. Volgende jaar kan ons moontlik weer bekostig om fotos te plaas. Hoe lyk dit is daar nie 'n borg wat wil help nie.

As daar iemand is wat 'n adreslys wil he, laat gerus weet, ons kan altyd teen geringe koste een aanstuur. Die lys word so ver moontlik op datum gehou, maar die oud Oos-Afrikaners het nog die trek gees en sommige is maar kort-kort op 'n ander plek.

Hoe lyk dit vir so 'n bietjie meer warm nuus, meeste van die nuus is maar uit die argief van ons geheue, dis mooi maar dit sou ook lekker wees as iemand net vertel van persone wat hulle gesien het en van almal wat hulle ken.

Nou die dag hoor ek 'n persoon na ons verwys as die "when-we's", nouja dit is seker ook so, maar dit is nie sonde om ou vriende op te soek, en die ou kennisse weer te hernu nie. Kom ek vertel almal hoe lekker dit is, om 'n ou skool maat of iemand met wie jy saam stout was, toe jy jonk was, weer te ontmoet is nogal groot plesier. Die vertelinge en die inhaal van nuus gebeur vandat ons laas mekaar gesien het, is tog altyd heerlik.

Groete Dainie

UNDELIVERED
RETURN TO SENDER

ONAFGELEWER
STUUR TERUG AAN SENDER

Wie ken hierdie mense wat getrek het. ons seek hulle.

Botha, Fanie & Martie, Bergsig Worcester 6850
 Brummer, Mnr & Mev H, Jaroma Court 6, Groblersdal 0470
 De Bruin, Mnr HP, 23 Isabel Beardmore Dr., Pietermaritzburg, 3201
 de Jager, Mnr P V, Posbus 217, Germiston 1400
 Emslie, Mnr & Mev, Steyn, Posbus 43, Letsitellie, 0885
 Engelbrecht, Mnr ACL, Mokopulaan Estates, P/B 236, Lydenburg
 Engelbrecht, Mnr CL, Suttman str 13 Rensburg, 2400
 Gutie, Mev Joey, Park straat, Hatfield Pretoria 1127
 Hitchcock, Mev EM, Posbus 551, Pyramid, 0120
 Jacobs, Mnr PW, Perseel 58, Rust der Winter, 0406
 Kleynhans, Mev ME, 201 Monte Carlo w/s, Margaret Av, Kempton Park
 Klopper, Freddie, Posbus 1675, Nelspruit, 1200
 Liebenberg, Mev H, Posbus 4, Crecy, 0562
 Loots, Mr J, Posbus 916, Krugersdorp. 1740
 Lottering, Mev Connie, Private Bag X01, Mondeor 2110
 Luies, Mnr & Mev DD, Kransberg str 12, Aerorand, Middelburg 1050
 Mouton, Jan & Mary, 6 Steenway, Lhundudno, Campe Town. 7800
 Mouton, Mnr PL, Posbus 11359, Brookly, Pretoria. 0011
 Murphy, Mr FJ, c/o Chamber of Mines, 5 Holard str, Jhb., 2001
 Newby, Mev Letty, Mopanie str 26, Phalaborwa, 1390
 Pienaar, Mnr Hennie, Skool Reis Diens, TOD Crosby, Jhb 2093
 Raath, Mev A, Michael House 7, Vermeulen str, Arcadia 0083
 Thompson, Mnr Dies, Elands Heuwel 6, Klerksdorp, 2570
 v d Westhuizen, M, Meu straat 55 Pretoria, 0002
 van Deyenter, Mnr PS, Posbus 20, Ofcolaco, 0854
 v Niekerk, Prof & Mev Bill, Proteasteeg 463, Lynwood, Prt, 0081
 van Rensburg, Mnr & Mev C, Robertson str 33, Warmbad, 0480
 van Rensburg, Mev Hettie, 10 Soetdorin w/s, Potgietersrus 0600
 van Rooyen, Mnr JH, p/a Flower str 367, Capital Park, 0084
 van Vuuren, Mnr, Lisbon Estates, Hazyview, 1242
 van Wyk, Mev Bes, Schubart Park w/s 1704, Schubart str, 0001
 van Zyl, Mev R, Helpmekaar Seunskoshuis, Millestraat Braamfontein, 2001
 Venter, Mev C, Posbus 364, Marble Hall, 0450
 von Prince, Mnr M, P O Box 6, Muden, 3501
 Wahl, Mev R, Die Hoerskool Ben Viljoen, Groblersdal, 0470
 Wolmarans, Theodore, Posbus 1401, Ermelo, 2350

Eeufees 1838-1938 Centenary

SANG EN MUSIEK KONSERT. VOCAL AND MUSICAL CONCERT

IN DIE AT BROEDERSTROOM FEESSAAL

WOENSDAG 8-30 ^{N.M.} _{P.M.} WEDNESDAY

Desember 14 December

Kom en Geniet ons eerste poging. U sal waarde vir u geld vind.
Welcome to all. Come and support as well as enjoy our first effort.

PROGRAM.

PROGRAMME.

- | | | |
|--------------------------------|---|-------------|
| 1. KLAVIER SOLO | "Meditation" Carl Reber | Piano Solo |
| | Mevr. Freda van Heerden. (Mrs) | |
| 2. SOLOSANG | "Lief Annatjie." ("Rose Marie.") Rudolf Friml. | Vocal Solo |
| | Mevr. G. Dednam (Mrs) | |
| 3. DUETSANG | "Die Aandklokke Lui In Die Verte." Cath. van Rennes. | Vocal Duet |
| | Mejj. Francis van Deventer en Sylvia Viljoen (Misses) | |
| 4. KLAVIER SOLO | "La Paloma" ... Yradier ... | Piano Solo |
| | Mej. Joey de Lange (Miss) | |
| 5. DUETSANG | "Flukkerend' Hoop." ("Whispering Hope") | Vocal Duet |
| | Alice Hawthorne. | |
| | Mevr. Freda van Heerden en G. Dednam. | |
| 6. SOLOSANG | "Die Donker Stroom." Quelby. | Vocal Solo |
| | Mnr. Victor Germishuizen (Mr.) | |
| 7. SOLOSANG | "Serenata." ... Toselli | Vocal Solo |
| | Mej. Francis van Deventer. | |
| 8. KLAVIER DUET | "Habanera and March." G. Bizet. | Piano Solo |
| | Mevrr. Toetsie van der Merwe en Freda van Heerden | |
| POUSE 20 MIN. INTERVAL. | | |
| 9. KLAVIER SOLO | "Minute Waltz." ... Chopin | Piano Solo |
| | Mevr. Freda van Heerden. | |
| 10. SOLOSANG | "Die Wapad is My Woning." ("The Highway is my Home.") | Vocal Solo |
| | Arthur Ellis | |
| | Mej. Sannie Boshoff. (Miss) | |
| 11. SOLOSANG ... | "VILLANELLE" d' Eva Dell' Acqua | Vocal Solo |
| | Mevr. G. Dednam. | |
| 12. KLAVIER DUET | "Polanaise in A." ... Chopin | Vocal Solo |
| | Mevrr. Sheila Erasmus en Freda van Heerden. | |
| 13. SOLOSANG ... | "Look Down Dear Eyes." Howard Fisher | Vocal Solo |
| | Mevr. Daisy Engelbrecht. (Mrs) | |
| 14. KLAVIER SOLO | "Aan Dem Frühling." ... Grieg | Piano Solo |
| | Mevr. Sheila Erasmus (Mrs) | |
| 15. KOOR VAN 24 | "LUI KLOKKE LUI." ("RING OUT WILD BELLS.") | Choir of 24 |
| | Percy E. Fletcher. | |
| 16. KOOR VAN 5 | "STOE." ("HOMEWARD.") J. H. THOMAS. | Choir of 5 |

HIERDIE HOEK DIENT AS KAARTJIE; THIS IS YOUR TICKET.

Toegangkaartjie: 2/- plus taks 25sts.
Admission Ticket: 2/- plus tax 25 Cts.

562

(KINDERS 1/-)

(CHILDREN 1/-)

Printed by C. F. Newton, Eldoret.